Bergrivier gasheer vir internasionale gaste

PIKETBERG - Abu Dhabi, Auckland, Barcelona, Brussels, Calgary tot Jerusalem, Montreal, Seoul, Sao Paulo, Stockholm en Copenhagen tel onder die stede wat volgende week hier verteenwoordig word by die Bergrivier en LAB Internasionale Biodiversiteitswerkswinkel.

Die werkswinkel wat op Velddrif gehou word.

Ongeveer 40 internasionale, en 20 Suid-Afrikaanse dorpe en stede gaan die Internasionale Biodiversiteitswerkswinkel vanaf Maandag 31 Januarie tot Vrydag4 Februarie bywoon.

Dit word aangebied deur Bergrivier munisipaliteit en die internasionale organisasie, ICLEI en die Plaaslike Aksie vir Biodiversiteit Program (LAB).

Die burgemeesters en biodiversiteitskundiges gaan in 'n intensiewe program oor die vier dae omgewingsbestuur en klimaatsverandering bespreek.

Munisipale bestuurder Christa le Roux en die burgemeester, Cobie Liebenberg.

Die behoud van natuurlike hulpbronne om werk en kos te verskaf terwyl ons klimaat verander is baie duidelik 'n belangrike besprekingspunt wat hier aandag sal kry, sê raadslid Cobie Liebenberg, Bergrivier se burgemeester.

Dit is ook om dié rede dat ministers Anton Bredell, LUR vir plaaslike regering en ontwikkelingsbeplanning, en Alan Winde, LUR vir ekonomie en toerisme, die werkswinkel gaan bywoon.

Woensdag, 2 Februarie 2011 is Internasionale Vleilanddag en die departement omgewingsake se nasionale byeenkoms vind dan as deel van die werkswinkel by Verlorenvlei plaas.

Verskeie kulterele groepe gaan ook optree om biodiversiteit op 'n ander manier uit te beeld.

Die groepe sluit in 'n skoolgroep van Piketberg, Vroue van Môre, en twee groepe van Gansbaai.